Wilgespruit
GEWORTEL, GROEI & LEWE

Leraars: Ds Hennie West, Ds Braam Smith
H/v Mimosastraat & Wag-'n-Bietjiestraat
Posbus 2044
Wilropark, 1731
ngwilge@mweb.co.za
+27(11) 764 2000

## Wilgespruit Getuienis nuus

Ons is bevoorreg en dankbaar om ons gemeentelede en leser op hoogte te hou van Getuienisbediening se betrokkenheid binne Wilgespruit gemeente asook sendelinge wat tans ondersteun word.

Wilgespruitgemeente het sedert ons laaste nuusbrief verskeie sendinggerigte projekte finansieel ondersteun d.m.v donasies en borge naamlik.

- Borg selgroepe gedeeltelik om broodjies op 'n weeklikse basis te voorsien aan Dr. Havenga skool.
- Donasies vir die aankoop van Bybels om sendingorganisasies (Harvesters Ministries en Frontline Fellowship) in staat te stel om Bybelverspreiding in Kenia en tydens ons eie gemeente uitreike moontlik te maak.
- Borg gemeente uitreike: Cradle of Hope, Woensdag Broodjiebediening, Boeke vir Belydenisklas (Van Bekeerling na Volgelinge) en Vroue oggende.

## Getuienisbediening se betrokkenheid in Wilgespruit gemeente:

- Bly steeds gereeld in kontak met sendelinge om hulle te bemoedig in hul werksaamhede.
- Voorsien Cradle of Hope en Tower of Life met Christelike literatuur - Challenge koerante op 'n twee maandelikse basis.
- Voorsien Christelike literatuur en Bybels en bring op Woensdae 'n boodskap aan straat mense tydens broodjiebediening in samewerking met Barmhartigheidsbediening.
- Neem hande met ander bedieninge om sendinggerigte projekte te borg indien nodig
- Borg kinders wat nie finansieël daartoe instaat is om Jeug kampe by te woon omrede die kampe sendinggerig is en ons die nuwe generasie wil aanspoor om ligdraers van die evangelie te wees.

## Uitnodiging!!!!

Ons glo dat dit deel is van ons roeping om ons gemeenskap te dien daar waar ons kan, net soos Jesus ander gedien het. Ons benodig dringend jul insette en voorstelle om uitreike te identifiseer. Jy kan betrokke raak soos die Here jou lei of jy kan ons net kontak dmv. 'n epos te stuur aan Hans en Raylene - Kleynhjf@telkomsa.net. Ons sal behoefte bepaling doen en uitreik beplan volgens jul insette.

Bid asb vir die Getuienisbediening dat ons gefokus sal bly in ons roeping om die Goeie Nuus in 'n gebroke wêreld te versprei.

# SENDINGNUUS

## Jacob en Teresa Chassanda; NG Leraar Gondola Mosambiek

Deur die Here se genade gaan dit goed met Ds. Jacob en Teresa Chassanda se welstand. Ds. Jacob besoek die satelietgemeentes gereeld om lidmate en leiers te bemoedig. Ons is die Here dankbaar dat plaaslike inwoners in die vyf satelliet gemeentes steeds die Goeie Nuus vrylik ontvang en leiers as dissipels opgelei word om meelewend te wees. Ds. Jacob bied gereeld seminare aan in die vyf satelliet gemeentes om gemeentelede toe te rus en aan te moedig om op die Here te vertrou om aan hul behoeftes te voorsien.

Bid asb dat Ds. Jacob steeds die satelliet gemeentes kan besoek ten spyte van rowwe terreine wat hulle daagliks moet aandurf.

Ds. Jacob en gemeente lede is tans besig om 'n kerk vir die Amatongas (straatsmouse) wat op die Beira deurpad handel dryf te bou. Die Amatongas word daagliks blootgestel aan gevaar terwyl hulle handel dryf met bestuurders van duisende trokke wat die deur gangsroete gebruik. Bid vir die Amatongas dat die Here hulle veilig sal bewaar en hulle 'n oorgawe sal maak en die Here as hul saligmaker en verlosser tydens eredienste sal aanneem.

## Kobus en Cora Viljoen: Child Evangelism Fellowship

Oral oor die wêreld is vrywilligers opgelei om Kersfees Partytjie Klubs aan te bied. Kobus en Cora het hard gewerk aan hierdie lesse en het nou reeds begin met 2024 se Kersfees Partytjie lesse.

'n Manne Bybelstudie groep in Strand het 'n bydrae gegee sodat die Sotho-vertalings vir Lesotho gedruk kon word wat aan die CEF-werkers beskikbaar gestel was om kinders met die Goeie Nuus te bereik.

Ons dank die Here dat Lesotho hulle literatuur in Desember ontvang het, nadat Kobus baie korrespondensie met die verskillende invoer agente moes hê. Die Oos Kaap se Xhosa les material vertalings is ook intussen afgelewer.

Leraars: Ds Hennie West, Ds Braam Smith
H/v Mimosastraat & Wag-‘n-Bietjiestraat
Posbus 2044
Wilropark, 1731
ngwilge@mweb.co.za
+27(11) 764 2000

Ons bid vir elke vrywilligers en voltydse werker wat die kinders met die Goeie Nuus van Jesus gaan bereik en CEF-literatuur wat uit Ierland oppad is na Mosambiek, Madagascar en Zimbabwe, dat die invoer proses maklik en vinnig sal verloop. Bid asseblief vir hierdie groot poging om duisende kinders oor die wêreld te bereik!

Klein Elijah het ‘n baie groot en gevaarlike breinoperasie ondergaan en het outisme in ‘n erge graad en kan ook nie praat nie, maar kommunikeer op sy manier. Elijah het weer 'n paar epilepsie aanvalle gehad, maar dit het heeltemal anders gelyk as die vorige. Sy lyfie is 'n besige 4-jarige seuntjie, maar sy brein het nie saam gegroei nie en is nog op doeke, kan nie self met 'n lepeltjie eet nie, maar eet wel wanneer hy die broodjie self kan vashou. Bid asb vir Elijah, sy ouers en suster Emma.

## Peter Hlokwa: House of Praise

We are forever thankful for your love and support which enables us to continue touching lives and reaching the lost with the good news. We remember you in our prayers. My family and I are well and so grateful for another successful conference we had on 22 September 2023. We have truly experienced his favour with this conference and appreciate you for praying with us. Everything went well and our guest speakers did us justice. We learned so much!!!

We are without doubt that we will see God at work and have victory through Christ in 2024. We are waiting with great joy for the New Year theme introduction series commencing from the 21st Jan -18th of Feb 2024. Our New Year theme focus strictly on Evangelism **“Growing HOP through Individual and Cooperative Evangelism”.** We trust that God is directing us to use every method possible to bring Jesus to our communities

All the glory to Jesus.

## Paul Hattingh: New Beginnings Ministry

Paul bedien tans drie afdelings in Krugersdorp gevangenis nl. Ongevonnisde jeug, Gevonnisde mans en ongevonnisde volwasse mans. Dit is verblydend om te beleef hoe gevangenisse gretig is om te leer en te groei.

Dra asb gevangenisse aan die Here op om verantwoordelikheid te neem vir hul oortredinge en om skuld te erken, dat hulle deur die omstandighede nader aan Jesus sal kom en as hul Saligmaker en Verlosser sal aanneem, hulle Jesus sal aanroep in waarheid ten spyte van hul omstandighede. Paul is tans besig om tweedehandse brille te versamel wat aan gevangenisse wat sukkel om te lees gegee sal word. Dit sal waardeer word indien U enige brille het wat nie meer gebruik word nie te skenk. U kan vir my of Raylene kontak.

## Finansiële Bydraes

Die Getuienisbediening wil namens elke sendeling Wilgespruitgemeente hartlik bedank vir die finansiële en geestelike ondersteuning sedert die hernuwing van die 2023/2024 GOB projek. Die Sendelinge is afhanklik van borge en werklik dankbaar vir u gebede en ondersteuning. Daarsonder sal die verkondiging van die Evangelie en sendingwerksaamhede wêreldwyd onmoontlik wees. Die Getuienisbediening wil u as lidmaat wat nog nie die geloofsofferbelofteprogram ondersteun nie, uitnooi en aanmoedig om deelname hierin te hê. Dankie dat u die Getuienisbediening daarmee vertrou en weet dat ons net in afhanklikheid van God alleen hierdie taak aanpak! Mag dit ook vir u in u geloofs lewe versterk en bemoedig om ’n getuie te wees daar waar God reeds besig is.

**Beste Wense**

**Hans Kleynhans**

**Voorsitter: Getuienisbediening**

**2024/01/16**

## Kontak besonderhede (Hans) 081 355 1027 of (Raylene) 083 577 7995